# Klein Lochieland

## Nuusbrief Graad R en RR

*Lourensrivierweg / Posbus 124*
*STRAND*
*Tel: 021-8548592*
*E-pos:*
*adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za*

2026-02-06

Liewe Ouers

**OUERKOMITEE**
Ons eerste ouerkomiteevergadering het Dinsdagaand plaasgevind. Die volgende persone is tot die betrokke portefeuljes verkies:

| | | |
|---|---|---|
| 1. | VOORSITTER en FIETSE: | **DEWALD MYNHARDT** |
| 2. | FIETSIEBAAN: | **TAHLITA DU PLESSIS** |
| 3. | POPHUISE: | **MELISSA CARSTENS** |
| 4. | TUINVERFRAAIING: | **CHARL LENNOX** |
| 5. | SKRYFMUUR: | **VANDUSCHKE NORTIER** |
| 6. | BALLE en NETBALPAAL: | **MARI REDPATH** |
| 7. | BEWEGINGSAPPARAAT: | **MARIUS SCHONKEN** |
| 8. | SANDPUT-AREA en AGTERSTOEP: | **RÉNE YOUNG** |
| 9. | SAND-EN WATERSPEL: | **BIANCA KREBS** |

Baie geluk aan hierdie ouers! Ons wens julle sterkte toe vir die jaar! Dankie vir julle bereidwilligheid en positiwiteit na die eerste vergadering!



**BEDANKING**
Ons wil graag vir Dewald Human van **MD Roof Service and Painting** bedank. Hy het verlede jaar gratis ons stukkende geute met aluminium geute vervang en hierdie week vir ons 'n splinternuwe bord by die opgang laat oprig! Baie dankie, Dewald! Ons waardeer dit opreg.

**UITVERKOPING**
Ons gaan volgende week ons ou voorraad skoolhempies van die vorige jare uitverkoop.
**Koste: R100 per hempie**. Ouers kan dit dan op ander dae, as Vrydae wat skoolhempie-dag is, dra.
Daar is voorraad van die volgende kleure: Donkerblou, rooi, pers, geel, ligte blou, turquoise en lemmetjie groen.

Die warm "fleecy tops" is ook reeds beskikbaar teen **R280-00**. U kan voor- of naskool by Lize-Mari in haar kantoor koop. Ons het kaartfasiliteite.

**GHOLFDAG: VRYDAG 13 MAART**
Ons groot fondsinsameling vir die jaar is 'n gholfdag by Strand Gholfbaan op Vrydag,13 Maart. Ons wil graag 'n beroep op ons ouers doen om ons asb. te ondersteun.

- Boek solank hierdie datum as u 'n gholfer is. Besprekings by Me. Human by mhuman@lochnerhof.co.za so gou as moontlik. Ons raak gewoonlik baie vinnig vol.
- As u nie gholf speel nie en u is in die besigheidswêreld, kan u dalk vir ons pryse organiseer. Ons benodig twee van dieselfde items, bv. wyn, kampstoele, flitse, gholfitems, koelsakke, ens. Dit kan enige tipe prys wees. Enkelpryse is ook welkom wat ons vir die veiling kan gebruik. Geskenkbewyse van eetplekke en wynproe by kelders is ook baie gewild.
- 'n Borg behels 'n kontantbydrae of u kan 'n putjie borg teen R1 000, waarop u dan advertensiemateriaal van u besigheid mag uitstal. Daar gaan 128 spelers deelneem, dus is die blootstelling van u besigheid groot!

**Ondersteun ons asb!**

**PADPATROLLIE**
Ons is so bevoorreg hierdie jaar om 21 ouers te hê wat aangedui het dat hulle by die padpatrollie sal uithelp. Baie, baie dankie aan hierdie ouers! Ons waardering is opreg!

**KLAS- EN INDIVIDUELE FOTO'S**
Klas- en individuele foto's word op ***Dinsdag 17 Februarie van graad RR-kleuters*** en ***Vrydag 20 Februarie van graad R-kleuters*** geneem. Kleuters moet asb. almal hul ***skoolhempies*** op hierdie dae aantrek. Kostes word in die volgende nuusbrief deurgegee.

**TOELATINGS 2027**
Aansoek om toelating vir **gr. RR vir 2027** is oop en sluit einde Maart. Vorms is by Klein Lochieland beskikbaar. Slegs aansoeke met die vereiste dokumentasie sal ingeneem word.

**SIFTINGSTOETSE: Spraak- en arbeidsterapie**
Ouers wat nog siftingstoetse wil laat doen vir spraak- of arbeidsterapie, moet asb. hul vorms so gou as moontlik terugstuur skool toe. Die terapeute is reeds besig met die siftingstoetse.

## GRAAD R-INLIGTING:

**BUITEMUURSE AKTIWITEITE**
Graad R Tennis: Geen rakette is nodig vir die tennis nie.

**MAANDAG 9 FEBRUARIE**
Bring 'n foto van jou troeteldier of 'n prent van die troeteldier wat jy graag sal wil hê. Vertel in 3-4 sinne vir juffrou en maats van jou troeteldier!

**INSTAPPIE: 27 FEBRUARIE**
***"The Traveling Bee"*** besoek ons skool op Vrydag 27 Februarie. Kostes: R40-00 per leerder. EFT die bedrag voor 25 Februarie en stuur die bewys van betaling aan die klasonderwyseres, asb.
Verwysing: Leerder se naam en Instappie

| | | |
|---|---|---|
| Ons tema vir volgende week is: | | **TROETELDIERE** |
| Ons persepsies is: | Kleur: | **Rooi** |
| | Vorm: | **Sirkel** |
| | Getal: | **2 en tweede** |
| | Klank: | **d-klankie** |
| Assesserings: | | **Gooi en vang van 'n groot bal**<br>**"Monkeybars"**<br>**Wys en vertel oor jou troeteldier/ of een wat jy graag wil hê (3-4 sinne)**<br>**Bewustheid van dae van die week** |
| Maandag | 9 Februarie: | ***Bring 'n uitgeknipte d-klank prentjie***<br>***Ons "wys en vertel" van ons troeteldiere*** |
| Dinsdag | 10 Februarie: | Ek maak 'n troeteldier uit verskillende vorms |
| Woensdag | 11 Februarie: | Ons maak die d-klank met klei |
| Donderdag | 12 Februarie: | Ek maak 'n visbak<br>***Pak asb. vir u kleuter 'n sirkelbroodjie in; of enige sirkel-koekies*** |
| Vrydag | 13 Februarie: | ***Kleuters trek iets rooi aan, asb. Om die kleur rooi vas te lê, asook om Valentynsdag van Saterdag te vier!*** |

## GRAAD RR-INLIGTING:

| | | |
|---|---|---|
| Ons tema vir volgende week is: | | **EMOSIES** |
| Ons persepsies is: | Kleur: | **Rooi** |
| | Vorm: | **Hart** |
| | Getal: | **2** |
| | Klank: | **d-klankie** |

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | 9 Februarie: | Ons maak 'n Emoji-mannetjie |
| Dinsdag | 10 Februarie: | Ons teken hoe ons voel |
| Woensdag | 11 Februarie: | Ons maak 'n Valentynsdagkaartjie |
| Donderdag | 12 Februarie: | ***Pak asb. vir u kleuter 'n hartjiebroodjie in*** |
| Vrydag | 13 Februarie: | ***Kleuters trek iets rooi aan, asb. Om die kleur rooi vas te lê, asook om Valentynsdag van Saterdag te vier!*** |

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel